Teksgedeelte: Spreuke 13

Teksvers: Spreuke 13:22

Tema: Los eendag `n erfporsie wat saak maak!

Verlede Sondagoggend het ons geluister hoe God ons leer dat ons ons nie moet bekommer oor ons lewe van elke dag nie en dat dit nie ons hooffokus moet wees nie. God het aan ons die koninkryk van God gegee, wat soveel meer is as wat ons vir die hier en nou nodig het. En juis op die koninkryk van God moet ons fokus wees, dan sal ons ook weet en beleef hoe Hy vir ons alles gee wat ons nodig het.

Tog wil ons, as ouers wat ons kinders lief het, vir hulle eendag `n erfporsie los. Ons wil vir ons kinders - en as ons kan ons kleinkinders - iets nalaat wat hulle `n hupstoot in die lewe sal gee. Ons lewe ook in `n wêreld waar elkeen van ons van kleins af geleer word om te spaar, sodat jy eendag genoeg pensioen opgebou kan hê en vir jou kinders iets kan nalaat. Ons kan bykans sê dat die samelewing selfs druk op ons uitoefen om geld te belê en bymekaar te maak – dink maar net aan die feit dat ABSA in die afgelope maand `n "Julie-maand is Spaar-maand"-veldtog gehad het.

Die wonder van dit alles is dat ook hiervoor gee God ons raad. Die Woord van die Here is ook vol raad oor hoe ons ons finansies moet hanteer en hoe ons kan spaar – selfs al is die Woord van die Here nie in die eerste plek `n handboek vir persoonlike finansies nie. Die verlossing wat ons in Jesus Christus kry is net só groot, só ingrypend, dat dit ook die manier waarop ons ons finansies gebruik moet bepaal.

In Spreuke 13:22 leer die Here ons dat ons voorsiening moet maak vir ons kinders en kleinkinders. En siende dat ons verlossing in Jesus Christus moet bepaal hoe ons, ons finansies gebruik, is daar ook `n waarskuwing aan die einde van die vers. `n Sondaar, iemand wat nie die verlossing in Jesus Christus sy eie gemaak het nie en wat nie sy hele lewe neerlê voor die troon van Jesus Christus nie, hanteer sy finansies só dat die gevolg is dat dit in die besit van `n goeie of regverdige persoon kom.

Maar wie is hierdie goeie of regverdige mens, kan ons vra. Die woordjie "goed" wat Salomo hier gebruik, word in die Ou Testament op dieselfde manier gebruik as wat die woordjie vir onvoorwaardelike liefde in die Nuwe Testament gebruik word. Dit word in die eerste plek gebruik om te verduidelik wie God is. Dit word eerstens gebruik om ons te leer wie God is en dan hoe die mense is wat deur God gekies is om in `n verhouding met Hom te staan.

Daarom dat Salomo ook van `n regverdige praat in die tweede gedeelte van hierdie vers. `n Regverdige is `n persoon wat deur God regverdig verklaar is en wat weer in `n verhouding met God staan. Vanuit die Nuwe Testament kan ons sê dat dit iemand is wat in `n verhouding met God staan deur die verlossing wat Jesus Christus bewerk het. Dit is iemand wat lewe soos God wil hê hy moet lewe omdat hy begryp watter wonderlike genade daar in sy verlossing is.

Vir die goeie of regverdige mens staan sy verhouding met God eerste in sy lewe. God is die spil waarom alles in daardie persoon se lewe draai en Hy bepaal alles wat daardie persoon dink en doen en sê en beplan. God se verhouding met daardie persoon en sy verhouding met God is die basis vir sy ander verhoudings. Hy lewe uit hierdie verhouding.

In die woorde van die Ou Testament, is `n regverdige persoon iemand wat, wanneer hy sy oes kry of sy skape lam, eers `n tiende hiervan vir die Here gee en dan die res gebruik soos hy dit nodig het. Hy gebruik nie eers alles wat hy wil en aan die einde van die maand kyk hy of daar nog iets oor is wat amper `n tiende is nie. Of in die woorde van die Nuwe Testament, `n goeie of regverdige persoon – wanneer dit kom by sy of haar finansies – is iemand wat eers sy 5% of 10% bydrae vir die Here gee en dan gebruik hy die res om te lewe en te spaar.

Maar hoe gemaak wanneer my finansiële posisie van só `n aard is dat ek nie `n erfenis vir my kinders en kleinkinders kan los nie? Hoe gemaak wanneer die druk van die lewe net soveel raak dat ek eenvoudig nie kan spaar nie? Beteken dit dan dat ek nie `n goeie of regverdige mens is nie?

Beslis nie! Dit mag dalk beteken dat jy weer moet dink oor hóé jy jou finansies gebruik – soos almal van ons van tyd tot tyd doen. Maar daar is `n ander erfenis wat ons vir ons kinders kan – en veral moet – gee. Dit is `n erfenis wat baie belangriker is en wat baie meer werd is as al die goud en geld in hierdie wêreld.

Hierdie erfenis word vir ons beskryf in Spreuke 13:24. Hierin hoor ons dat iemand wat sy kind liefhet, sy kind straf wanneer dit nodig is of soos die Ou Afrikaanse Vertaling dit vertaal: hy besoek sy kind met tugtiging. En om hierdie vers behoorlik te verstaan, is daar twee woorde wat ons goed in gedagte moet hou: die woordjie "straf" en die woord wat vertaal word met "wanneer dit nodig is".

Hierdie woordjie "straf" verwys nie na lyfstraf of bloot net daarna om met jou kind te raas omdat hy of sy stout was nie. Hierdie woord was in die Ou Testament baie spesifiek gebruik om te wys op die geloofsonderrig wat ouers aan hulle kinders gee óf die manier waarop die Here sy volk terugbring op die regte pad. Hierdie "straf" gaan dus daaroor om jou kind te leer hoe `n God-gesentreerde lewe lyk en nie bloot net hoe om "reg" of "goed" te lewe nie.

En die woord wat vertaal word met "wanneer dit nodig is" dra die betekenis van `n liefdevolle verhouding. Dit is omdat jy die persoon liefhet en meer van hom of haar wil leer, wat jy na hom of haar toe kom wanneer jy kan. Interessant genoeg, is hierdie woord in die Ou Testament die meeste gebruik om te verduidelik hoe mense na God soek. Ons het as intreelied Psalm 63 gesing en daarin sing ons oor hoe ons na God smag. Hierdie "smag" is dieselfde woord in Hebreeus as wat hier gebruik word vir "wanneer dit nodig is".

So, die grootste, of beste, erflating wat jy vir jou kinders en kleinkinders kan nalaat is om hulle te leer van God se liefde vir ons! Dit is om die beste vir my kinders en kleinkinders te soek met die wete dat God die beste is! En dit is iets waarin ons vandag al kan begin "belê", want selfs al het ek nog nie kinders nie en selfs al is ek nog `n kind, kan ek vandag reeds begin groei in my verhouding met God; kan ek leer om oor my geloof te praat; kan ek leer om nie net christelike gesprekke te hê nie, maar om Christus die middelpunt van my gesprek te maak.

Daar is heelwat voorbeelde hiervan in die Here se Woord, maar kom ons kyk net vinnig na drie van hierdie voorbeelde: Die voorbeeld van Jakob wat sy seuns seën, die voorbeeld van Psalm 78 en die voorbeeld van ons hemelse Vader wat vir ons `n hemelse erfenis gegee het.

Ons hoor in Genesis 49 hoe Jakob, net voor sy dood, sy seuns seën. En alhoewel ons weet dat Jakob ontsettend ryk was, seën hy nie een van sy kinders in terme van rykdom nie. Wanneer Jakob sy seuns seën, beskryf hy die plek wat elke seun en sy nageslag in die volk van die Here gaan inneem.

Jakob se seuns word dus nie net geseën met fisiese rykdom nie (Jakob het sekerlik sy seuns ook iets hiervan laat erf), maar hy seën hulle in die eerste plek met `n bepaalde verhouding met die Here. Hy seën sy seuns deur hulle te wys op hoe hulle verhouding met die Here gaan lyk.

En ook in Psalm 78 hoor ons amper iets hiervan. Die grootste gedeelte van Psalm 78 vertel aan ons watter pad die Here met die Israeliete geloop het. Dit vertel van die straf van die Here en ook van die verlossing wat die Here vir sy volk gegee het. Maar reg aan die begin van Psalm 78, in die eerste paar verse, hoor ons hoe Asaf die volk vra om te luister na wat die Here vir hulle gedoen het.

In die besonder sê hy dat hulle nie sal stilbly oor wat die Here gedoen het nie, maar dat hulle dit aan hulle kinders sal vertel. En hier, in vers 7, hoor ons die rede hiervoor: "So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het..."

Wanneer ons vir ons kinders hierdie geestelike erfporsie los, leer ons hulle op Wie om te vertrou. As ons met hulle praat oor dit wat die Here in ons lewe doen en hoe Hy ons weer en weer vergewe het, leer ons ons kinders op Wie hulle kan vertrou. Dan gee ons vir hulle `n vaste fondament op Wie hulle hulle lewe en toekoms kan bou.

Hierdie vaste fondament leer ken ons in die erfporsie wat ons hemelse Vader vir ons gegee het. Ons hoor dit in `n paar verskillende gedeeltes, soos Galasiërs 3:29 en 1 Petrus 1:3-5, maar in die besonder Romeine 8:14-17. In hierdie gedeelte hoor ons dat ons, deur die werk van die Heilige Gees, kinders van God is en dat ons daarom ook erfgename van God is. Eenvoudig beteken dit dat God vir ons `n erfporsie gegee het en dat ons saam met Christus erf.

Hoe wonderlik is dit?! Ons Vader laat ons saam met Christus `n ewige lewe, `n ewige lewende verhouding met God erf. Saam met Christus erf ons heerlikheid – iets wat ons nie eers behoorlik in mensewoorde kan beskryf nie, wat groter is as wat ons kan begryp en iets wat net met terme soos "goud", "lig", "helder" en "wit" vir ons beskryf word in die boek Openbaring. Dit is die erfenis wat ons hemelse Vader vir ons gegee het en dit is hierdie erfenis wat ons ook aan ons kinders kan oordra.

Belê daarom iets, sodat jou kinders en kleinkinders eendag kan erf, maar belê eerstens tyd in jou verhouding met God! Belê tyd om met jou kinders en kleinkinders te praat oor God en hulle verhouding met God, sodat hulle ook kan leer op Wie om te vertrou. Belê tyd om saam met jou kinders en kleinkinders te groei in julle verhouding met God.

Los eendag vir jou kinders `n erfporsie, maar los ook `n erfposie wat werklik saak maak!

Amen